

# Pretoriana

MERENSKY-BIBLIOTEK  
 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
 17 APR 1956  
 Klasnommer 05(68)  
 Registrernommer P.19/56.




Kopiereg voorbehou.

Copyright reserved.

## INHOUD — CONTENTS

1. Editorial/Redaksioneel: History.
2. Association Old Pretoria: Annual Report for 1955.
3. H. M. Rex: Die Rustenburgse Kruger-standbeeld.
4. Mrs. T. J. Rodda: Memories III.



JEAN ACHARD

SKEPPER VAN DIE RUSTENBURGSE KRUGERSTANDBEELD

# HISTORY

THE Association Old Pretoria wants to take this opportunity of congratulating those who were responsible for convening a meeting of historians in the City Hall on the 11th of February. To say that such a congress was long overdue would be to stress the obvious. The underlying motive for this congress was to discuss the alarming tendency to underestimate the intrinsic value of the study of History and at the same time to combat this tendency as far as possible.

**The answer to the problem is to make History a compulsory subject up to matric. Our Association naturally must welcome this suggestion and must therefore also give its wholehearted support for the idea of publishing a journal to further this aim.**

From the discussions that took place at the meeting we were however on the other hand impressed by the to us erroneous tendency, **to over popularise the subject thereby losing sight of the intrinsic formative value of a study of History on the individual.** We are furthermore in agreement with the suggestion that the syllabus should be revised not because General History should be less stressed or even left out completely, **but because we are of the opinion that the existing syllabus does not aim at the preparation of the child to an awareness of the deep meaning of the march of man-kind through the ages. At the same time the child is unable to grasp the significance of his own country's place within the structure of nations and neither is he prepared to understand the past in relation to the present.**

Very few, if any, are able to evaluate complex relations between nations and peoples even though they had passed their examinations successfully. — Enough had already been said on the demerits of an examination system which has allowed "*spotting of questions*" to develop into such a fine art that the value of the subject has been lost to view. A remarkable example of this is the fact that a superficial knowledge of Tshaka, Dingaan, Moshesh and Mzilikatze is regarded as sufficient for the understanding of our so-called "Native Problem!"

**The to be established Historical Society however promises to provide an excellent opportunity for the healthy exchange of ideas on the subject. We do sincerely hope that this society would revive our waning interest in History and that the public in general would eventually be prepared to appreciate more the necessity for the study of History and therefore to create a demand for the services of the Historian.**

— Editor.

## GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

# Jaarverslag 1955

**M**ET genoeë bied ek u hiermee 'n verslag aan van die Genootskap Oud-Pretoria se bedrywighede oor die jaar 1955.

Die feit dat die ledetal gestadig styg, toon dat daar belangstelling is vir die werk en doeleindes van die Genootskap. Dit tel tans 140 lede.

Die volgende bestuurslede is op die vorige jaarvergadering gekies:

*Voorsitter:* Dr. W. Punt.

*Ondervoorsitter:* Mnr. H. A. de Loor.

*Sekretaris:* Dr. F. J. du T. Spies.

*Penningmeester:* Mnr. G. Rissik.

*Argivaris:* Mr. J. F. Preller.

*Redakteur:* Dr. T. S. van Rooyen.

*Lede:* Dr. G. W. Eybers, Mej J. H. Davies, Dr. R. Peacock,  
Mnr. H. M. Rex.

Die verteenwoordiger van die stadsraad was mnr. W. J. Seymore wat onlangs tot burgemeester van Pretoria gekies is.

Aangesien die Genootskap ook sy deel bygedra het tot die eeufeesviering van die stad, was 1955 'n besige jaar. Voor ek u aandag hiervoor vra, wil ek my eers bepaal by wat die normale aktiwiteite van die Genootskap genoem kan word.

Op die vorige algemene vergadering is die planne van die voorgenome nuwe gebou van die Provinsiale Administrasie bespreek. **Soos u weet het die Genootskap herhaaldelik geprotesteer teen die voorkoms van hierdie gebou wat ons insiens inbreuk sal maak op die tradisie en argitektuur van Kerkplein. In die afgelope jaar het die Genootskap voortgegaan met sy pogings om al is dit dan net 'n verandering in die planne te verkry. Wat dit betref wil dit tog lyk asof die verhoë van die Genootskap, en van ander liggame, enigsins sukses behaal het; dit word namelik vertel dat die hoogste gedeelte van die gebou sowat sestig voet vanaf die Plein teruggeskuif sal word.** Die Proteste teen hierdie gebou het aan die lig gebring dat ten minste

'n gedeelte van die inwoners van Pretoria ernstig begaan is oor die behoud van die skoonheid van stad en plein.

Nog 'n saak wat die Genootskap vir 'n tyd lank al besig hou, is die stigting van 'n opelugmuseum. Gelukkig kan ek tans berig dat die Stadsraad 'n terrein vir opelugmuseum beskikbaar gestel het en gevra het dat voorstelle oor die samestelling van 'n beheerraad gedoen moet word. U bestuur het sekere voorstelle aan die Stadsraad gedoen en wag tans op 'n antwoord.

In ooreenstemming met die doel van die Genootskap om historiese ou geboue te bewaar, het u bestuur die Historiese Monumentekommissie versoek om die Staatsmodelskool en die Operahuis tot nasionale monumente te verklaar. Alhoewel nog niks finaal bereik is nie, bestaan daar alle hoop dat beide geboue vir die toekoms bewaar sal bly.

Op versoek van die Stadsraad het u bestuur verskillende name vir nuwe strate en stadswyke aan die hand gedoen.

'n Aanbod van Volkskas om 'n stalletjie op die Industriële Tentoonstelling te deel, is dankbaar aanvaar. Soos u waarskynlik weet is die kleurtekening wat Pretoria voorgestel het soos dit in die verlede was en tans is, die Genootskap se bydrae tot hierdie lokaal. *Africana* is daar ten behoeve van die Genootskap verkoop.

Aangesien ek in *Pretoriana* uitvoerig oor die wapen van die Genootskap geskrywe het, kan ek hier volstaan met die opmerking dat ons gelukkig voel dat die wapen vir die eerste keer op die eeufeesuitgawe van *Pretoriana* verskyn het. Dit was 'n passende ingebruikname.

Op 'n algemene vergadering van 14 Junie j.l. is die Genootskap se bydrae tot die eeufeesviering uiteengesit en bespreek. Dit mag dus as bekend veronderstel word. Die Genootskap was op verskillende terreine van diens: sommige lede het op die Sentrale Eeufeeskomitee gediens; 'n kaart wat die uitbreiding van Pretoria aandui is op die Historiese Uitstalling vertoon; die Genootskap het ook 'n roete vasgestel en toeligtters verskaf vir 'n toer deur Pretoria.

Hierdie bydraes is in samewerking met ander liggame gelewer. Darenbome het die Genootskap 'n eeufeesuitgawe van *Pretoriana* die lig laat sien wat ongetwyfeld die geleentheid eer aangedoen het.

Ten einde iets van meer blywende waarde te skep as die gewone eeufesverrigtinge, is besluit om aan alle laerskole van Pretoria 'n skild uit te loof vir die mooiste skooltuin. Dis 'n pragtige skild en die eerste kompetisie vind hierdie maand plaas. Op hierde wyse hoop ons om die belangstelling in die plantegroei aan te moedig sodat Pretoria in die toekoms ook nog bekend sal wees as die Blommestad.

**'n Ander blywende monument waarvoor die Genootskap verantwoordelik is, is die omheining van die bouwal van Lucas Bronkhorst en die naamplaat wat daar aangebring is.**

Die Genootskap het ook 'n stalletjie op die Plein gehad waar Africana te koop aangebied is.

Tenslotte is dit my aangename plig om die lede van die Bestuur te bedank vir hulle onbaatsugtige steun gedurende die verloop van die jaar. In besonder bedank ek die sekretaris, dr. Spies, die penningmeester, mnr. Rissik en dr. van Rooyen, die redakteur en die persone wat artikels vir die eufeessuitgawe van *Pretoriana* gelewer het; ook die lede wat so veel gedoen het om 1,600 eksemplare daarvan te verkoop. Ons is ook dank verskuldig aan dr. FitzSimons vir die feit dat die bestuursvergaderings steeds in die Transvaalse Museum gehou kon word.

(Get.) W. PUNT, *Voorsitter*.

## ASSOCIATION OLD PRETORIA

# Annual Report for 1955

IT is with much pleasure that I present to you my annual report on the Association's activities during 1955 — Pretoria's Centenary Year.

Membership of the Association continues to increase steadily, showing that interest in the aims and the work of the Association is being maintained. The membership figure now stands at 140.

The following committee members were elected at last year's annual general meeting:—

*Chairman:* Dr. W. Punt.

*Vice-Chairman:* Mr. H. A. de Loor.

*Secretary:* Dr. F. J. du Toit Spies.

*Treasurer:* Mr. G. Rissik.

*Archivist:* Mr. J. F. Preller.

*Editor:* Dr. T. S. van Rooyen.

*Members:* Dr. V. FitzSimons, Dr. G. W. Eybers, Dr. R. Peacock, Mr. H. M. Rex, Miss J. H. Davies.

The City Council's representative on the committee was Councillor W. J. Seymore who has recently been elected mayor of Pretoria.

The year 1955 has been a busy one for the Association for, apart from its usual work, special efforts have been made in connection with the centenary of our city. Before, however, dealing with these special efforts, I shall outline briefly what may be termed the normal activities of the Association.

At last year's annual general meeting the plans of the new provincial building were discussed. **As you know, the Association has consistently opposed the erection of a building so out of keeping with the architecture and spirit of Church Square. During the year under review the Association continued its efforts to secure, if not the abandonment, then at least a modification of the plans; and in the latter aim the representations of the Association, and of other interested bodies, achieved some measure of success as it is rumoured that the highest portion of the building is to be moved back some sixty feet from the Square.** The protests against the new provincial building have also served to show that at least a certain proportion of the citizens of Pretoria are keenly alive to the beauty and the dignity of the Square and are anxious to preserve its character.

Another matter which has engrossed the attention of the Association for some time is the founding of an open-air museum. It is gratifying to be able to report that the City Council has granted a site for the open air museum and has called for suggestions for a board of control. Your committee has submitted its suggestions and now awaits the City Council's reply.

In accordance with its aim of preserving whenever possible the city's historic old buildings, the Association has requested the Historical Monuments Commission to declare the Staatsmodelskool and the Opera House National monuments. Although nothing definite has so far been heard, there is every hope that this appeal will succeed and that buildings characteristic of the city's past will be saved for future generations.

At the request of the City Council, your committee suggested street names bearing on Pretoria's history for certain of the suburbs.

An offer from Volkskas to share the bank's stall at the Industrial Exhibition was gladly accepted and, as you are doubtless aware, the coloured drawings showing Pretoria past and present were the Association's contribution to the stall. Africana was sold there too on behalf of the Association.

As I have written in *Pretoriana* regarding the Association's coat of

arms, it is needless to do more here than to express the pleasure which I am sure is shared by all the members, that the coat of arms was used for the first time on the cover of the Centenary Edition of the magazine. It could not have been more fittingly inaugurated.

At a general meeting held on the 14th June the Association's contributions to the Centenary Celebrations were outlined and discussed so they are probably known to many of the members. The Association assisted in a variety of ways: some of its members served on the Central Centenary Committee; a map showing the growth of Pretoria was prepared for the Historical Exhibition; and the Association mapped out and provided lecturers for a circular tour of Pretoria.

These contributions were in co-operation with other organisations. In addition the Association produced a Centenary Edition of *Pretoriana* which, as you have seen, was worthy of the occasion.

In order to provide a memorial which would continue long after the Centenary Celebrations were past, it was decided to present a shield for the best primary school garden, to be competed for annually by the primary schools of Pretoria. The shield is a beautiful one and the first competition will take place this month. It is hoped thus to encourage and foster an interest in plant life so that Pretoria may continue to be known as the City of Flowers.

**Another lasting memorial for which the Association was responsible was the fencing in of the grounds surrounding the ruins of Lucas Bronkhorst's house at Fountains and the provision of a descriptive plaque.**

The Association also had a stall on Church Square at which Africana was sold.

This concludes the review of the year's work and it is now my pleasant duty to thank the members of the committee for their loyal support during the past year. In particular my thanks are due to the Secretary, Dr. Spies, to the Treasurer, Mr. G. Rissik, and to the Editor, Dr. van Rooyen and members who contributed articles to the Centenary Edition of *Pretoriana* and to those members who did so much to sell 1,600 copies of *Pretoriana*. I am also indebted to Dr. FitzSimons for allowing the committee meetings to be held in the Transvaal Museum.

(Sgd.) W. PUNT, *Chairman.*



Dit is 'n minder bekende feit dat die Krugerstandbeeld wat voor die Rustenburgse stadsaal staan, bestem was om op Kerkplein in Pretoria opgerig te word . . . .

## DIE RUSTENBURGSE KRUGER-STANDBEELD



**M**ET die onthulling van die Kruger-standbeeld in die middel van die Pretoriase Kerkplein verlede Oktober, het die gedagtes onwillekeurig teruggegaan na die 50-jarige stryd wat gevoer is om Anton van Wouw se Krugerbeeld op sy regmatige plek tot finale rus te laat kom.

Dit is egter 'n minder bekende feit dat die Kruger-standbeeld wat voor die Rustenburgse stadsaal staan, gedurende 1920 bestem was om op die Kerkplein in Pretoria opgerig te word. Verskillende faktore en omstandighede was destyds egter daarvoor verantwoordelik dat die standbeeld van President Kruger, wat alreeds in 1901 deur die Franse beeldhouer, Jean Achar, in Parys geboetseer is, nie op Pretoria nie, maar wel op Rustenburg, op 16 Desember 1921 deur Genl. Smuts onthul is.

Die standbeeld stel President Kruger voor waar hy in 'n ruim leuenstoel sit, met die swaar kop effens na vore gebuig, in 'n peinsende houding versonke. Die gesig

met die droewige oë en peinsende voorkoms is soos hy in die laaste dae van sy ballingskap daar uitgesien het. Die spore van groot sorg en bekommernis kan duidelik op die gesig gesien word. Hy sit met sy kop vooroor asof hy bedroef is, „maar”, soos die latere Minister Piet Grobler tydens die onthullingsplegtigheid gesê het, „hy het nie getreur soos iemand wat geen hoop meer het nie, want uit sy laaste boodskap aan sy volk blyk dit dat hy geglo het dat God sy volk weer sou oprig. Paul Kruger self was 'n kragtige monument van onfeilbare hoop.”

Die 7½-voet hoë beeld is gegiet in ligkleurige brons en is gemonteer op 'n graniet voetstuk wat ongeveer tien voet hoog is. Alleen die volgende opskrif staan in Romeinse letters op die graniet voetstuk uitgekop: PAUL KRUGER 1825-1904.

Waar die standbeeld op 'n prominente plek voor die Rustenburgse stadsaal met sy Kaapse gewels, staan, maak dit 'n besonder indrukwekkende vertoning en herinner die standbeeld verbygangers daagliks daaraan dat daár, in Rustenburg-distrik, die grootste seun van Suid-Afrika vir veertig jaar gelewe en gewerk het.

## DIE VERGETE BEELD

**J**EAN GEORGES ACHARD, die Franse beeldhouer van die Rustenburgse Krugerstandbeeld, is op 13 Maart 1871 in Gironde, Elsas, gebore. Hy is op 24 September 1934 in Parys oorlede, nadat hy tydens sy lewe 'n hele reeks voortreflike beeldhouwerke gemaak het.

Onder die opskrif „Een Vergeten Krugermonument,” het daar in 1904

in „De Amsterdammer Weekblad voor Nederland” 'n artikel verskyn wat, na aanleiding van 'n tentoonstelling in Dordrecht wat die lewe en droewige dood van President Kruger herdenk het, geskrywe is deur die bekende Nederlandse skrywer M. Scharthen Antink. Ook in Parys, wat hom 'n paar jaar vantevore so-te-sê verafgod het, is sy lewe herdenk. Daar is selfs 'n standbeeld van hom gemaak, wat in 1904 egter in een van Parys se agterstrate, totaal vergete in die ateljee van die beeldhouer gestaan het.

Hierdie vergete Krugermonument het drie jaar lank sy kortstondige glorie in die Salon van die *Artiste Francais* geken. Die bestuur van die Salon was egter bevrees vir te ongewonde uitginge en demonstrasies van die destydse Transvaal-gesinde Parysenare en het daarom die beeld in 'n uithoek van die kolossale beeldhouhal in die *Grand Palais* laat plaas. Sodoende wou hulle probeer om die beeld aan die geesdriftige belangstelling van die groot menigtes te onttrek. Die opsigters het opdrag ontvang om gereeld elke uur die blomme wat die Franse by die beeld geplaas het, te verwyder, sodat die spontante blommehulde nie te kwetsend sou wees vir die Engelse toeriste nie.

In 'n onderhoud met Scharthen Antink het Achard vertel dat die President nie vir hom geposeer het nie. „Ek het hom egter dikwels gesien toe hy Parys besoek het en ook vir 'n lang tyd van naby in sy salon, en die tragiese grootheid van hierdie figuur het my so aangegryp dat dit vir altyd in my gees gebeiteld staan. Ek *moes* die beeld maak. Vir

ses maande het ek aan die ontwerp gewerk; ek het my omring met alle afbeeldings en portrette wat ek maar in die hande kon kry, om te verhoed dat my fantasie en my opgewondenheid my nie parte sou speel nie. Dit is die enigste van my werke waarmee ek wel tevrede is. Ek glo dat ek uitdrukking kon gee aan wat ek eenkeer gesien en gevoel het: die gewondene en gebrokene van die oerkrag van hierdie groot Transvaler."

Tweekeer mensehoogte het die swaar gipsblok tot byna aan die solder van die klein ateljee gereik, het dit amper 'n kwart van die ruimte van die vertrek gevul en die indruk geskep dat die beeld die middelpunt, die hart van die beknoppte werkplaas en van die kunstenaarsbestaan was wat daar uitgeleef word. Sonder twyfel het Achard hierdie beeld van sy held liefgehad. Hy het seker nooit ver wag dat die beeld twintig jaar nadat hy dit gemaak het op Rustenburg, die jarelange woonplek van Paul Kruger, opgerig sou word nie, om ook dáár, vir baie geslagte wat nog sou kom, die herrinnering aan die „Leeu van Rustenburg" daagliks lewendig te hou.

Tydens die Paryse Vredesonderhandelinge in 1919 het Dr. Engelenburg, die destydse hoofredakteur van „Die Volkstem," vir Genl. Louis Botha en sy privaatsekretaris, Mnr. George Brebner, vergesel na die werkplaas van die beeldhouer Achard, waar die gipsbeeld van President Kruger nog al die jare gestaan het. Die Eerste Minister was só getref deur die beeldhouwerk van die kunstenaar, dat hy die morele

verpligting gevoel het om die gipsbeeld in brons te laat giet en dit vir die volk van Suid-Afrika aan te koop. Daarna het Genl. Smuts ook die beeld gaan besigtig en hy en Genl. Botha het besluit om die beeld aan te koop en dit op koste van die Unieregering in brons te laat giet.

## TWEE BEELDE

**S**ODRA die beeldhouer die formele opdrag van die Unieregering gekry het om die beeld in brons te laat giet, het hy onverwyld werk daarvan gemaak. Gedurende Oktobermaand 1920 was die voltooide bronsbeeld in Pretoria, waar dit voorlopig in die Uniegebou opgeborg was, totdat daar mettertyd oor die bestemming daarvan beslis sou word.

Toe dit gedurende Juliemaand 1920 bekend geword het dat die standbeeld binnekort op Pretoria sou aankom, is deur verskillende persone en organisasies gedagtes uitgespreek waar die beeld opgerig moes word. Die Krugerbeeld van Anton van Wouw — destyds egter nog sonder die hoekfigure — het toe alreeds vanaf 1913 in die Prinsessepark gestaan en daarom is in 1920 die gedagte uitgespreek dat die Krugerbeeld van Jean Achard, of soos dit ook meermale genoem is, die „*Franse Kruger*," op die Kerkplein in Pretoria opgerig moes word.

Dr. Engelenburg het egter daarop gewys dat dit onwenslik sou wees om die beeld op die Kerkplein te plaas aangesien die beeld te klein in omvang was om op die groot plein geplaas te word. Volgens sy mening sou dit egter wel effektief

wees as die beeld voor die Ou Goewermentsgebou, tussen die twee palmbome en reg onder die balkon, geplaas kon word. Ook is daaraan gedink om die beeld binne in die Ou Raadsaal te plaas, maar daar is gou ingesien dat die beeld daarvoor te groot sou wees.

Vanaf 1912 was die S.A. Vrouefederasie besig om fondse in te samel vir 'n nuwe, waardige Krugerstandbeeld op die Kerkplein van Pretoria, maar die Pretoriase Stadsraad was nie geneë om die Kerkplein vir daardie doel af te staan nie en die voorwendsel waaragter die Stadsraad geskuil het was dat „uit estetiese oogpunt beskou dit beter sou wees om genoemde sentrum oop en onbelemmer te laat bly.” In weerwil van hierdie besluit het die Stadsraad na die Eerste Wêreldoorlog besluit om toestemming te verleen vir die oprigting van 'n oorlogsgedenkteken op die Kerkplein.

'n Afvaardiging van die Vrouefederasie het daarop by die Stadsraad aangedring om by hulle vorige besluit te bly om die Kerkplein oop te laat bly of, so nie, af te staan vir die oprigting van 'n Krugerstandbeeld, vir welke doel hulle alreeds duisende ponde ingesamel gehad het. Die Stadsraad was egter nie te beweeg nie, waarop die Vrouefederasie toe besluit het om petisies deur die hele land te versprei en te laat onderteken om op die wyse druk uit te oefen op die Pretoriase Stadsraad.

Die Vrouefederasie was oortuig daarvan dat hulle daarin sou slaag om die Stadsraad te oorreed om af te sien van die besluit i.v.m. 'n oorlogsgedenkteken op Kerkplein en dit liever by die Uniegebou te laat

oprig, waar dit as 'n uiting van die gees van 'n latere geslag beslis beter sou pas.

Toe die voorneme van die oprigting van Achard se Krugerbeeld op Kerkplein, in die loop van Julie 1920 dus bekend geword het, het die Vrouefederasie by monde van die Pretoria-tak, teen die einde van Augustus, vertoë gerig tot Genl. Smuts, die destydse Eerste Minister, waarin hulle ernstig by hom aangedring het om nie sy toestemming te gee tot die oprigting van Achard se Krugerbeeld op Kerkplein nie, in elk geval nie alvorens hy die Vrouefederasie geraadpleeg het nie, aangesien hulle alreeds vir 'n geruime tyd besig was met die insameling van fondse vir 'n nuwe standbeeld vir President Kruger, „wat soos hulle hoop in die sentrum van genoemde plein sal geplaas word. Die idee is om daarvan 'n volksaak te maak en 'n ieder in die land 'n kans te gee om sy penningske by te dra, ten einde 'n waardige monument vir ons groot Volksheld op te rig.”

Intussen het Kommandant van Heerden, L.V. vir Ventersdorp, en die latere Senator Petrus van der Walt, skoonseun van President Kruger, dit onder die aandag van die Munisipaliteit van Rustenburg gebring dat die standbeeld, oor wie se bestemming daar toe groot onsekerheid geheers het, moontlik vir Rustenburg beskikbaar sou wees. In opvolging van dié wenk het Mnr. Frank Johnson, die Stadsklerk van Rustenburg, op 30 Oktober 1920 aan Dr. Engelenburg geskrywe dat „de stad Rustenburg zullen het als een grote eer beschouwen om 'n zoodanige Standbeeld alhier op te richten.”

Genl. Smuts se uitgesproke begerente was dat Achard se Krugerbeeld êrens in Pretoria opgerig moes word, maar oor die presiese plek waar die standbeeld opgerig moes word was daar nog geen finale beslissing toe die beeld gedurende Oktober 1920 in Pretoria aangekom het nie. Aan die begin van November het Genl. Smuts vervolgens 'n sg. „Klein Komitee” aangestel met dr. Engelenburg as sameroeper en waarvan Fanie Eloff, die bekende beeldhouer en 'n kleinseun van President Kruger, een van die lede was. Die opdrag aan die „Klein Komitee” was om ter plaatse ondersoek in te stel na die mees geskikte plek vir die oprigting van die beeld en om dan aan Genl. Smuts 'n aanbeveling te maak vir sy finale beslissing.

## „TOT IN DIE LAASTE NAGESLAG”

**D**IE „Klein Komitee” het op 11 November 1920 in die Uniegebou vergader. Nadat hulle die beeld gaan besigtig het, is verskillende plekke in Pretoria bespreek wat aanbevelenswaardig was vir die oprigting van die Krugerbeeld. Nadat kennis geneem is van die bg. twee briewe van die Pretoriase Tak van die S.A. Vrouefederasie en van die Rustenburgse Stadsklerk, is op voorstel van dr. Engelenburg en gesekondcer deur Fanie Eloff, die volgende besluit eenparig geneem, nl. „dat Z.Ed. Gestr. de Eerste Minister, geadviseerd worde om 't Krugerstandbeeld van Achard aan die Municipaliteit van Rustenburg aan te bieden, op grond dat Pretoria alreeds 'n Krugerstandbeeld bezit (in 't Prinsesse Park) en eerlang 'n

tweede Kruger-monument op 't Kerkplein zal krygen.”

Op daardie tydstop was die twisvraag oor die plasing van die Oorlogsgedenkteken of die Krugerstandbeeld, waarvoor die Vrouefederasie haar beywer het, nog steeds in die middelpunt van die openbare belangstelling en daarom het dr. Engelenburg aan die einde van sy brief aan Genl. Smuts, waarin hy bg. besluit van die „Klein Komitee” aan hom meegedeel het, dit raadsaam geag om as sy persoonlike opinie te vermeld „dat eventuele plaatsing van 't Krugerbeeld te Rustenburg 'n waarborg zal word vir rust onder Pretoria's burgery. Hoe en waar ook te Pretoria geplaatst zal dit beeld onvermydelik aanleiding geven tot gegriefdheid tegen de hoge overheid, die de plaatsing gelastte!”

Twee dae nadat dr. Engelenburg hierdie advies aan Genl. Smuts gestuur het, het hy die Stadsklerk van Rustenburg aangeraai om sonder versuim aansoek te doen vir die verkryging van Achard se Krugerbeeld vir Rustenburg. Hy het ook 'n beskrywing van die standbeeld gegee en dit as sy opinie uitgespreek dat die standbeeld nie in die middel van 'n kaal plein opgerig moes word nie, maar verkieslik op 'n plek waar die beeld 'n gebou of bome as 'n agtergrond sou hê.

Die Stadsraad van Rustenburg het dadelik aan dr. Engelenburg laat skrywe „om zoodanige stappes te willen nemen als u nodig moege oordelen, zodat het beeld aan Rustenburg geschonken worden, daar de Raad zeer gaarne het Standbeeld te Rustenburg wil hebben.” Vervolgens het die Stadsklerk van Rusten-

burg op 6 Desember 1920 ook by die Eerste Minister formeel aansoek gedoen vir die verkryging van die standbeeld vir Rustenburg en ook terselfdertyd die versekering gegee dat die Stadsraad sal sorg vir die oprigting van 'n gepaste voetstuk vir die standbeeld en verder self verantwoordelik sal wees vir alle uitgawes verbonde aan die oprigting daarvan.

Nadat die Stadsraad gedurende Februarie 1921 weer verneem het of daar al intussen besluit is oor die bestemming van die Krugerbeeld, het dit eers gedurende September van daardie jaar bekend geword dat Genl. Smuts besluit het om die beeld aan Rustenburg te skenk op voorwaarde dat die Stadsraad, in oorleg met 'n deskundige amptenaar van die Departement van Publieke Werke, vir 'n gepaste voetstuk sal sorg, en verder verantwoordelik sou wees vir die oprigtingkoste van die

standbeeld op 'n geskikte standplaas.

Namens die Stadsraad van Rustenburg het 'n Kommissie bestaande uit wyle Mnr. Hendrik van der Merwe Snr. en Mnr. Amie J. Coetzee, die standbeeld onder dankbetuiging in ontvangs geneem en nadat alle verdere voorbereidende werksaamhede met bekwame spoed afgehandel is, is die standbeeld tydens 'n reuse Dingaansdag-feesviering op 16 Desember 1921 voor die Ou Stadsaal op Rustenburg deur Genl. Smuts onthul. Nadat Genl. Smuts op 'n besonder treffende wyse hulde gebring het aan die nagedagtenis van President Kruger, het hy die onthulde beeld vir 'n tyd lank sonder 'n woord betrag en toe gesê: „Ek hoop dat die lewe van hierdie man ons tot 'n voorbeeld sal strek tot in die laaste nageslag.”

H. M. Rex.

## ALBERT BRODRICK NA EUROPA

IN verband met mnr. Rex se lesenswaardige bydrae oor die bekende winkelier-digter mnr. Albert Brodrick, soos verskyn in die jongste aflewering van *Pretoriana* en sy vermoedelike vertrek na Europa in die laat sewentiger jare, kan die skrywer opmerk dat hy gesteun het op die gegewens soos deur prof. S. P. Engelbrecht verstrek aangaande die tydstip van Brodrick se terugkeer na Europa.

Onlangs het hy in die besit gekom van 'n aantal uitreksels gebaseer op 'n tot nog toe ongepubliseerde briefwisseling tussen Hendrik Stiemens (Pretoria) en sy seun Hendrik Stiemens, van Aalten (Nederland).

